

Lêerno.: 19/2/P
Verwysing: 20230329-3047

Assesseringsbestuursminuut: 0007/2023

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure (Hoofkantoor en distrikskantore), Adjunkdirekteure, Hoofonderwyskundiges, Hoofde: Kurrikulumondersteuning, Hoofde: Bestuur en Beheer, Kringbestuurders, Adjunk-hoofonderwyskundiges, Assesserings- en Eksamenkoördineerders, Vakadviseurs en Hoofde van onderwysinrigtings wat leerders vir die Nasionale Senior Sertifikaat-eksamen voorberei

Onderwerp: Hersiene gewigsbepalings vir vakke met betrekking tot die assesseringsprogram (POA) vir die Verdere Onderwys- en Opleiding- (VOO-) band, Graad 10 tot 12

1. Hierdie minuut moet saamgelees word met Assesseringsbestuursminuut 0001/2023 van 23 Januarie 2023, wat duidelikheid gegee het oor die Jaarlikse Onderrigplanne vir 2023/24, die hersiene gewigsbepalings vir skoolgebaseerde assessering (SGA) en die jaareindeksamen, wat soos volg gewysig is:

FASE	2023 HERSIENE GEWIGSBEPALING VIR SGA
Grondslagfase (Graad R tot 3)	100% SGA
Intermediêre Fase (Graad 4 tot 6)	80% SGA: 20% eksamens
Senior Fase (Graad 7 tot 9)	60% SGA: 40% eksamens
Graad 10 tot 11	40% SGA: 60% eksamens
Graad 12	25% SGA: 75% eksamens

2. Assesseringsbestuursminuut 0001/2023 sit die formaat van die halfjaar- en jaareindassesserings voorts soos volg uiteen:
 - 2.1. Halfjaar-/Junie-eksamen:
 - a) Graad 12: Halfjaar-/Junie-eksamen
 - b) Graad 10 tot 11: Halfjaar-/Junie-eksamen
 - c) Graad 4 tot 9: Halfjaar/Junie slegs kontroletoetse

- 2.2. Jaareindeksamen:
- a) Graad 12: Volskaalse Nasionale Senior Sertifikaat-eksamen
 - b) Graad 7 tot 11: Volskaalse eksamen in alle vakke
 - c) Graad 4 tot 6: Kontroletoeitse in alle vakke
3. Die Departement van Basiese Onderwys (DBO) het Omsendbrief S8 van 23 Maart 2023 gepubliseer wat die hersiene gewigsbepalings vir die verskillende take en/of komponente, soos uiteengesit in die POA 2023/24, vir die individuele vakke in die VOO-band, Graad 10 tot 12, uiteensit.
4. Die hersiene gewigsbepalings vir vakke, soos volgens die POA vir die VOO-band 2023/24, is hierby aangeheg as **Bylae A**.
5. Die POA dek die SGA, die jaareindeksamen, die praktiese assesseringstaak in die geval van vakke met 'n praktiese komponent, en die mondelinge assessering in die geval van Tale.
6. Vakadviseurs sal onderwysers ondersteun en duidelikheid gee oor die vereistes vir elke taak en/of komponent.
7. Die Wes-Kaapse Onderwysdepartement se VOO-vakrekordblaaie vir 2023 is op SOBIS beskikbaar en is in ooreenstemming met DBO-omsendbrief S8.
8. Distriksbeampies en prinsipale word vriendelik versoek om die inhoud van hierdie minuut onder die aandag van alle onderwysers, ouers/voogde en leerders te bring.

GETEKEN: H MAHOMED

ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KURRIKULUM EN ASSESSERINGSBESTUUR

DATUM: 2023-03-31